№ 2321 | 25 Januarie-1 Februarie 2024
landbou.com RSA R60,00 (BTW ingesluit) Namibië N$60,00

# Landbou weekblad



## Johnny Hanekom se vernuf het geen einde

## Die gras *is* groener – reg langs die Namib!

**DF FYFER SKRYF VIR ONS!**

'Niks gaan verander as jý nie gaan verander nie'

**SUV vir 'n boervrou**

**TREK WEG!**

Dié BMW nie bang vir grond

+ Wen R50 000!

**SPESIAAL**

- Besproeiing
- Oplossings vir die platteland

- bl. 60

## GRAAN SA SE TOPBOER

# Suksesverhaal op + marginale saaigrond


**UITVOER KRITIEK**
VRUGTEBOERE PANIEKERIG OOR KAAPSTADHAWE

**OMSTREDE WATERWET**
TALLE VOORDELE AS JY DIT REG AANPAK – GAMTOOSRAAD

**PRAKTIESE RAAD**
SÓ VREET HITTESTRES JOU WINS

**LOUIS DU PISANI**
TROEF DROOGTES MET DIE REGTE SIELKUNDE

04321
9 770023 777005




**Harde werk.** Gamtoos Water, die nuwe watergebruikersvereniging, bestuur water in drie opvangsgebiede. Die omskakelingsproses het tyd gekos, maar voordele meegebring. *FOTO'S: VERSKAF*

# Witwaterrit vir waterrade: Gamtoos pak dit reg aan

Die proses om besproeiingsrade in watergebruikersverenigings om te skakel, is 'n brandpunt in die landbou. Nog sowat 100 rade moet deur die proses gaan. Gamtoos Water is reeds deur die proses, en Rienette Colesky sê hoewel dit tydrowend is, is daar talle voordele.

**DIE** ou Oos-Kaapse Gamtoosbesproeiingsraad is op 6 Oktober verlede jaar met die watergebruikersvereniging Gamtoos Water vervang in 'n proses wat soms pynlik was, maar uiteindelik verrykend.

Rienette Colesky, uitvoerende hoof, sê 'n ingesteldheid van ontvanklikheid vir verandering bring 'n mens ver in dié moeilike omskakelingsproses vir besproeiingsrade.

Die mense wat die omskakeling aandryf, moet oop wees vir verandering en bereid wees om te onderhandel. "Dit is verskriklik belangrik. 'n Mens móét vorentoe kyk."

Die omskakeling is al met die inwerkingtreding van die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) vereis, maar die proses het meer as tien jaar gelede ontspoor. Senzo Mchunu, wat in Augustus 2021 minister van water en sanitasie geword het, het rade in April verlede jaar gevra om weer hiermee te begin. Sowat 100 rade het nog nie verenigings geword nie.

Colesky sê die voormalige Gamtoosbesproeiingsraad se funksies, wat nou deel geword het van Gamtoos Water s'n, was om die Kougadam te bestuur en onbehandelde water uit die dam aan gebruikers te voorsien. Die meeste (72%) word aan landbougebruikers voorsien, 27% aan die metropolitaanse munisipaliteit van Gqeberha en 1% aan die dorpe Patensie en Hankey.

Die besproeiingsraad het sedert 1991 bestaan, met ses verkose watergebruikers uit drie wyke in die Gamtoosgebied stroomaf van die Kougadam, die nasionale departement van water en sanitasie en die Nelson Mandelabaai-munisipaliteit.

'n Proses wat in 1998 onder leiding van die Oos-Kaapse waterdepartement afgeskop het om die raad in 'n watergebruikersvereniging om te skakel, is stopgesit deur 'n moratorium deur die nasionale departement.

Die provinsiale departement het die raad weer in 2021 gekontak om opnuut te begin. "Die departement het gesê daar is 'n paar ononderhandelbare beginsels. Dit is eintlik goeie beginsels, maar dis jammer dit word 'ononderhandelbaar' genoem. As jy nou 'n boer kwaad wil maak, nader jy hom vir 'n openbaredeelnameproses en sê daar is beginsels wat ononderhandelbaar is."

## Die beginsels was:

- Die raad se voetspoor moes uitgebrei word om ook ander opvangsgebiede in te sluit sodat die hele waterhulpbron saam bestuur kan word.
- Die te stigte watergebruikersvereniging moes 'n hersiene grondwet kry, wat onder meer spesifiek aandag gee aan lidmaatskap en stemreg. Die departement het versoek dat een mens net een stem kry en alle watergebruikers in die gebied verplig is om lede van die vereniging te word. In die Gamtoosbesproeiingsraad het sommige lede meer as een stem gehad, na gelang van die hoeveelheid hektare waarvoor hulle waterregte gehad het, en watergebruikers was nie verplig om lid van die raad te wees nie.
- Die vereniging moes 'n transformasie-oogmerk hê en meer verteenwoordigend wees.
- Die vereniging moes hom daarop toespits om die toekenning van water te hervorm en voorheen benadeeldes te ondersteun.


Rienette Colesky

Colesky sê die Gamtoosbesproeiingsraad het reeds voor die omskakelingsproses begin aandag gee aan transformasie. Met die omskakelingsproses het dié ingesteldheid deel geword van die vereniging se grondwet.

## Groter gebied

Die Oos-Kaapse waterdepartement se aanvanklike opdrag was om die hele Langkloof-, Baviaanskloof-, Gamtoos-, Kabeljous- en Kromme-opvangsgebiede by die nuwe watergebruikersvereniging in te sluit.

Die vergaderings wat met watergebruikers gehou is, het moeilik verloop. "Van die landbouwatergebruikers was gekant

teen die groter gebied."

Die nasionale departement het later die stigting van meer as een watergebruikersvereniging aanvaar.

Die Gamtoos-raad het toe verder gesprek gevoer met die Baviaanskloof- en Kabeljousgebiede, maar het gevra om dit self te hanteer, sonder die departement. "Dit het baie gehelp dat ons die proses by die provinsiale departement oorgeneem het. Aanvanklik is gebruikers kwaad oor die proses, want daar is beginsels of beleide wat hulle nie verstaan nie en ook omdat hulle kwaad is vir die departement oor foutiewe rekeninge. Dit was makliker om alleen met hulle te praat."

Ná lang gesprekke het albei gebiede uiteindelik besluit om in te skakel by die groter entiteit, aangesien hulle kon baat by kennis en raad oor waterrekeninge, asook kennis oor die regmatige gebruik van water.

## Struktuur

Hierna het al die belanghebbendes van die drie gebiede 'n tussentydse komitee verkies om die omskakelingsproses verder te behartig.

Colesky sê mense met goedgekeurde waterregte moet deel wees van 'n watergebruikersvereniging, maar belangegroepe, soos die omgewing en die landbou, moet ook oorweeg word vir insluiting, al het hulle nie noodwendig waterregte nie.

"Die besluit oor wie ingesluit word en wie stemreg kry, is geweldig omstrede. Die tussentydse komitee het besluit dat die Baviaanskloof- en Kabeljousgebied elk drie lede in die raad sou kry. Omdat Gamtoos 'n baie groter skema is, wat intensiewe bedryfsvereistes en 'n baie groter begroting het, het hy ses lede.



"Oom Piet" Jonas, opkomende boer van die omgewing, kon danksy bemiddeling deur Gamtoos Water sy landerye ploeg ná die watervereniging aan hom 'n trekker geleen het en 'n kommersiële boer 'n ploeg. Jonas se onderneming se naam is Stukkende Kind.

"Ons het ook drie opkomende boere betrek, wat elkeen een stem het hoewel hulle nie waterregte het nie.

"Ons raad het 21 lede. Die ander lede, wat 'n belang by die water het, is onder andere die Oos-Kaapse departement van landbou, pakhuise (een stem), die metroraad van Gqeberha en die Kouga-munisipaliteit." Die raad het ook drie subrade, een vir elke opvangsgebied.

## Deurdagte grondwet

'n Te stigte watergebruikersvereniging moet 'n voorstel met sy grondwet aan die nasionale departement stuur.

Een van die belangrikste vereistes is genoeg openbare deelname. "Ons het verskeie vergaderings gehou en baie tyd bestee om inligting aan mense te gee oor wat beoog word. Dit het gehelp dat ons geen enkele navraag ná die tyd oor die proses gekry het nie."

Die nasionale departement verskaf 'n templaat vir die grondwet, maar Colesky sê dit hoef nie net so gebruik te word nie.

"Ons het baie aan die templaat verander, na gelang van ons behoeftes." Hulle het nie 'n konsultant gebruik om hul voorstel op te stel nie. "Dit het uit die hart gekom. 'n Mens móét goed nadink wanneer die grondwet geskryf word. Die skryf daarvan het baie tyd in beslag geneem. Ons grondwet is taamlik uniek, maar ons stuur dit aan iemand wat daarvoor sou vra."

Die tussentydse komitee het die grondwet goedgekeur en na 'n prokureur gestuur om seker te maak dit voldoen aan wetlike vereistes. Die nasionale departement het die voorstel baie vinnig goedgekeur.

## Beter samewerking

Colesky sê die stigting van die watergebruikersvereniging was uiteindelik 'n verrykende proses. "Met die byeenbring van al die belangegroepe het ons vir die eerste keer met mekaar gepraat oor sekere kwessies. Dit beteken ons kan nou 'n meer geïntegreerde benadering volg om probleme op te los.

"Voorheen het ons met die Oos-Kaapse departement van landbou kontak gemaak wanneer 'n opkomende boer na ons gekom het om 'n kwessie te bespreek. Nou het amptenare die vrymoedigheid om óns te bel. Hulle beskou ons byvoorbeeld as 'n belangrike deel van die grondrehabilitasiekomitee wat hulle besig is om te stig. Dié soort 'oorgrensgesprekke' het nooit voorheen plaasgevind nie.

"Ten opsigte van besproeiingsboere self, het verbruikers die vrymoedigheid begin kry om met ons kontak te maak oor moontlike onwettige wateronttrekkings, want hulle beskou ons as 'n onafhanklike party.

"Ons het ook omgewingskwessies met omgewingsbelanghebbendes begin bespreek, byvoorbeeld die impak op die Kabeljousriviermonding wanneer daar te min vars water daarheen vloei."

Die Gamtoos-raad het ook reeds goeie verhoudinge met die twee munisipaliteite gehad en die Kouga-munisipaliteit met waterkwessies gehelp, soos pyplyne wat breek.

Die raad het ook gehelp met onderhoud aan paaie, soos die R331 tussen Hankey en waar die grondpad na die Baviaanskloof begin. "Wanneer ons teer by die Kouga-munisipaliteit kry, gee ons arbeid om slaggate in die dorp reg te maak.

"Ons benadering is om eerder hulpvaardig te wees met probleme as om beskuldigend te wees; dit bring ons verder." **LBW**

---

Navrae: Rienette Colesky, e-pos: **info@gamtooswater.co.za.**

* Lees ook op **Landbou.com** oor die verloop van die proses in Zoeloeland by **rb.gy/ch2f0w**